



Ons kan God nie sien nie

Sal jy God graag wil sien? Ons het geleer dat ons God nie kan sien nie. *Niemand* het al ooit God gesien nie.

Hoekom kan ons God nie sien nie?

Ons kan Hom nie sien nie, want Hy is *Gees*. Ons kan 'n gees nie *sien* nie.

Wat is 'n gees?

Toe God jou gemaak het, het Hy vir jou 'n liggaam en 'n *gees* gegee, ons siel. Jou gees lewe *in* jou liggaam. Jou gees is die ware *jy*. Dit is die *gees* binne-in jou liggaam, wat luister as ons lees; dit is jou gees wat dink en liefhet; dit is jou gees wat bly is en jou laat lag; dit is jou gees wat partykeer hartseer is, en jou laat huil.

Niemand kan ons gees *sien* nie. Maar jy kan voel hoe dit daar binne-in jou lewe.

Net so is GOD *heeltemal* gees. Hy het nie 'n liggaam nie. Dis hoekom ons Hom nie kan sien nie. Maar Hy kan sien en hoor en liefhê; Hy sien en hoor *baie meer* as wat ons kan sien en hoor, selfs al kan *ons Hom* nie sien nie.

Daar is ook 'n rede hoekom ons God nie *moet* sien nie. God is vol majesteit en heerlijkheid. Dit beteken dat Hy baie heilig is, en baie helder skyn.

Die Bybel vertel ons van 'n man met die naam Moses. Moses was 'n goeie vriend van God. God het dikwels met Moses gepraat. Maar Moses het God *nooit gesien* nie.

Eendag sê Moses vir God, "Kan ek asseblief U heerlijkheid sien?"

God sê toe vir Moses, "Niemand kan My sien en bly lewe nie. Maar Ek sal jou wegsteek in die rots, en dan sal Ek by jou verbykom."

Moses het toe alleen by die berg opgegaan. God het hom weggesteek tussen die rotse, en God het by hom verbygegaan. God het vir Moses 'n *klein bietjie* van Sy heerlijkheid laat sien. Selfs 'n man soos Moses kon nie verdra om *meer* as dit van God se heerlijkheid te sien nie.

Toe Moses van die berg afkom, het sy gesig geblink soos sonskyn. Net omdat hy 'n *bietjie* van God se heerlijkheid gesien het, het sy gesig so helder geblink, dat die mense bang was vir hom.

Die heerlijkheid van God is so helder dat niemand dit kan *verdra* om Hom te sien nie. Ons kan nie verdra om na die *son* te kyk as dit helder skyn nie. Dit maak ons oë seer as ons na die son kyk. God se heerlijkheid is baie groter as die heerlijkheid van die son.

Dit is *goed* dat ons God nie kan sien nie.

Die sonskyn en die sterre *vertel* ons van Sy heerlijkheid. Maar as ons Hom sou *sien*, of al sou ons net 'n *bietjie* van Hom sien, sou ons baie bang word. Ons sou nie eens kon lewe nie!

Gesels hieroor:

1. Het iemand al ooit God gesien?
2. Hoekom kan ons God nie sien nie?
3. Hoekom sou dit nie vir ons goed wees om God te sien nie?

God het vir Moses gesê:

“Jy kan my aangesig nie sien, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.”

(Eksodus 33:20)

Wat ons kan lees:

Psalm 104:1–13

Wat ons oor God kan sing:

Grote God, ons bring U eer! Heerlik is waar u regeer;
Hemels is U majesteit; heilig U geregtigheid.
U wat alles onderhou, U is ewig en getrou.

Al is God se heerlikheid so groot, mag ons tog tot Hom bid. Sal ons ons oë toemaak en ons hoofde buig, sodat ons net aan Hom sal dink terwyl ons bid?

Gebed:

God van heerlikheid, helderder as die son, help ons om U te prys. Maak ons rein en sondeloos, deur Jesus ons Redder, sodat ons nooit hoef bang te wees vir U nie. Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*